*Sondag* **28 Desember**

**Skrifgedeelte: Johannes 10:23-30 (AFR2020)**
**Fokusgedeelte: Johannes 10:28-29**

**Veilig in die Herder se sorg**

Jesus is die Goeie Herder, en ons is sy skape. Hierdie troosvolle waarheid moet ons ten alle tye en in alle omstandighede van ons lewens bybly.

In vers 28 verduidelik Jesus waarom sy skape altyd in Hom altyd troos het: *"Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal tot in ewigheid nooit verlore gaan nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie."*

In hierdie belofte wat Jesus maak, sien ons God se genade. Die ewige lewe is nie iets wat die mens ooit kan verdien nie, dit is 'n gawe, of geskenk, wat vrylik aan elkeen wat in Jesus glo, gegee word. Wat vir ons nog meer treffend moet wees, is dat Jesus ons verseker dat hierdie genade nooit van ons weggeneem kan word nie. Geen bose mag, krag of gesag kan ons ooit uit Sy hand ruk nie omdat Hy groter as dit alles is.

Hierdie versekering moet vir ons 'n bron van vreugde en vrede wees in 'n tyd wanneer die dinge van die wêreld vir ons oorweldigend kan wees. Laat ons daarom ons lewe toevertrou aan ons Herder, en mag ons leef soos skape:

- Vertrou die Herder se leiding, selfs al lei Hy jou op onbekende paaie. Jy kan die versekering hê dat Hy jou altyd na groen weivelde sal bring.
- Gehoorsaam die Herder, selfs al is sy opdragte moeilik. Maar deur die leiding te volg wat Hy deur sy Woord gee en te volhard in jou gebede, sal die uitvoering van sy opdragte 'n vreugde word.
- Verheug jou in die Herder se liefde wat oneindig is. Die Herder het jou so lief dat Hy sy lewe vir jou aflê, daarom het jy die versekering dat Hy jou altyd sal versorg, troos en bemoedig.

*Sing: Psalm 32-1:4*

*Ds. P (Philip) Hattingh (Bloemhof/Christiana)*